CON SPIRITO KUNSVERENIGING

KULTUUR MET GEESDRIF

# 2026

## 24ste Jaarlikse Kunswedstryd

In trotse vennootskap met die FAK

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Con Spirito - Kultuur met Geesdrif | 3 |
| Inskrywingsfooie en bankbesonderhede | 4 - 5 |
| Roosters & Programme | 6 |
| Afdelings | |
| • Lees | 7 - 8 |
| • Redenaars | 9 - 10 |
| • Sang & Instrumentaal | 11 |
| • Groot Groepe | 12 - 14 |
| • Dans | 15 |
| • Kuns | 16 - 17 |
| • Kreatiewe Skryfwerk | 18 |
| • Drama | 19 |
| Nasionale Forte Rondte & Prestige Prysuitdeling | 20 |
| Toekennings | 21 - 22 |
| Algemene Reëls | 23 - 24 |
| Jaarprogram | 25 - 33 |
| Nasionale Debat | 34 |
| Nuwe kompetisies | 35 |
| Kontakbesonderhede | 36 |

# CON SPIRITO

*Kultuur met Geesdrif*

Con Spirito is 'n unieke Kultuurvereniging wat nou al vir die 24ste agtereenvolgende jaar funksioneer. Con Spirito is 'n nasionale kompetisie wat in die volgende streke plaasvind:

- Gauteng-Oos
- Gauteng-Suid
- Gauteng-Wes
- Gauteng-Noord
- Namibië (Aanlyn)
- KwaZulu-Natal
- Mpumalanga
- Noordwes
- Limpopo
- Vrystaat
- Noord-Kaap
- Oos-Kaap
- Wes-Kaap
- Suid-Kaap

Con Spirito is daar vir enige vorm van kultuur. Dié Kultuurvereniging wil graag kultuur bevorder, geleenthede skep om kultuur te bevorder en talente ontdek en ontwikkel.

Kultuurkompetisies van verskeie aard word jaarliks aangebied wat geleentheid bied aan die wat nie altyd 'n kans kry in sy/haar skool nie. Enige skool/instansie mag aan Con Spirito deelneem en privaatinskrywings word ook aanvaar.

Leerders wat wil deelneem het 'n opsie tussen ***TWEE PLATFORMS***:

- Aanlyn deelname d.m.v. 'n WhatsApp video oproep.
  *(Let wel geen vooraf opgeneemde videos word aanvaar nie.)*
- Lewendige deelname by spesifieke venues.
- **BELANGRIK: Deur in te skryf vir enige van Con Spirito Kunsvereniging & FAK se projekte en/of kompetisies, bevestig ek/ons/skool dat ek/ons persoonlike inligting, soos verwys in Artikel 26 van POPIA, mag insamel.**

**NEEM KENNIS:**

- Leerders mag tydens die eerste (Provinsiale) ronde kies watter items hulle vir aanlyn of "live" venue-deelname wil inskryf.
- Con Spirito bied dus twee platforms en 'n leerder mag aan beide deelneem.
- Forte deelname MOET egter onder dieselfde platform gedoen word. Met ander woorde, as jy deurgaan met jou Afrikaanse gedig onder die aanlyn opsie MOET die leerder dit weer aanlyn doen tydens die Forte ronde. Ononderhandelbaar.
- Daar gaan 'n Prestige Prysuitdeling vir die Aanlyn en Venue kompetisies op dieselfde dag gehou word.

# INSKRYWINGSFOOIE 2026

## PROVINSIALE INSKRYWINGS

Con Spirito Kunsvereniging vereis GEEN affiliasiefooie nie.

**INDIVIDUELE ITEMS**

- R95 per deelnemer per item
- R120 per deelnemer per item waar klank benodig word, bv. sang, dans, ens.

**DUET & TRIO & KWARTET**

- R60 per deelnemer per item
- ‘n Addisionele R30 per groep per item sal gevra word waar klank benodig, bv. sang, dans

**GROEPE**

- 5 tot 20 deelnemers: R40 per deelnemer per item
- Meer as 20 deelnemers in 'n groep (bv. spreekkoor, dansgroepe, revue, kore, pompoms, toneel) beloop R600 per item per groep
- Program (bv. Koorprogram) – R600 per koor (meer as 20 lede)
- Individuele koor items – R220 per addisionele item of lied
- ‘n Addisionele R30 per groep per item sal gevra word waar klank benodig, bv. sang, dans

**SPANREDENAARS**

- R300 per span per item (4 lede)



# INSKRYWINGSFOOIE 2026

## CON SPIRITO FORTE (Nasionale finale ronde)

**INDIVIDUELE ITEMS**
- R75 per deelnemer per item
- R90 per deelnemer per item waar klank benodig word, bv. sang, dans, ens.

**DUET, TRIO & KWARTET**
- R30 per deelnemer per item
- ‘n Addisionele R30 per groep per item sal gevra word waar klank benodig, bv. sang, dans

**GROEPE**
- 5 to 20 deelnemers: R35 per deelnemer per item
- Meer as 20 deelnemers in 'n groep (bv. spreekkoor, dansgroepe, revue, kore, toneel): R390 per item per groep
- Program (bv. Koor): R390 per koor (meer as 20 lede)
- Individuele items: R120 per addisionele item of lied
- ‘n Addisionele R30 per groep per item sal gevra word waar klank benodig, bv. sang, dans ens.

**SPANREDENAARS**
- R200 per span per item (4 lede)

## BANKBESONDERHEDE

First National Bank
Tjekrekening
Rekeningnommer: 627 919 864 60
Takkode: 201 209
Verwysing: Skool / Organisasie / Naam

# ROOSTERS & PROGRAMME

Tydskedules sal vroegtydig (minstens 2 weke voor die tyd) aan die skole of instansies per e-pos gestuur word. Vir enige veranderinge nadat die skedules opgestel is, word ‘n R30 adminfooi per item gevra.

**NUUT!** Leerders mag nie buite hulle streek deelneem nie! Indien daar ‘n geldige rede is moet aansoek per e-pos gedoen word. Elke aansoek sal op meriete hanteer word.

Onthou niemand mag van een platform na die ander oorskuif in die Nasionale Finaal nie. Ononderhandelbaar!

Let wel, indien 'n deelnemer nie binne sy/haar itemgroep deelneem in die eerste ronde nie, kan hy/sy nie in aanmerking geneem word vir 'n item- of afdelingswenner nie.

Indien 'n deelnemer nie binne sy/haar Itemgroep deelneem in die Forte ronde nie, kan hy/sy nie in aanmerking geneem word vir 'n item- of afdelingswenner nie.

Indien ‘n persoon NIE enige kommunikasie 2 weKe VOOR die geskeduleerde datum rondom die sekere kompetisie se skedules ontvang het nie, kontak ons asb OF maak seker julle items wys PAID op die stelsel. Die stelsel kan nie ‘n item deurtrek na die skedule indien ‘n item nie betaal wys nie. Gaan maak dus seker dit wys PAID.



# AFDELING : LEES

Sien asb. die duidelike riglyne vir die leesafdeling hieronder.

By die voorbereide keuse moet daar **DRIE** stukke voorberei word. Indien die riglyne nie gevolg word nie kan die deelnemer gepenaliseer word en kan ook nie 'n itemwenner onder die spesifieke item wees OF deurgaan na die volgende ronde nie.

Onthou, die keuse van 'n werk moet by die deelnemer se ouderdom pas en word ook daarvolgens beoordeel.

Dieselfde werke van vorige jare mag nie weer gebruik word nie.

Tye: Laerskole: 30 tot 60 sekondes
Hoërskole: 60 tot 90 sekondes

Hierdie riglyne is geldig vir beide die aanlyn, sowel as die lewendige optredes.

Volledige riglyne en inligting oor die Lees afdeling is beskikbaar op die webblad. Kliek hier:

**Lees inligting**



# AFDELING : LEES

**ADDISIONELE RIGLYNE VIR AANLYN DEELNAME**

**LEESAFDELING: VOORBEREIDE LEES**

Leerders moet steeds **DRIE** leesstukke voorberei. (Geen afskrifte hoef vooraf per e-pos gestuur te word nie.)

Merk ELKE leesstuk duidelik. (Leesstuk 1, Leesstuk 2 en Leesstuk 3). Die beoordelaar gaan instruksie gee watter stuk (1, 2 of 3) sy/ hy wil hoor.

Let wel: Slegs die gedigte mag op karton geplak word aangesien gedigte boeke baie skaars is. Moet egter NIE die gedigte uit jou kop voordra nie maar dit moet voor gelees word.

Aanbieding word beoordeel. Maak dus seker jy staan so dat die beoordelaar jou hele bolyf kan sien.

Ons weet dit kan ongemaklik wees vir leerders om die platform te gebruik en dit sal in aanmerking geneem word tydens beoordeling.

**LEESAFDELING: ONVOORBEREIDE LEES**

Hou **2 tot 3** leesboeke byderhand waaruit jy kan lees. Die beoordelaar sal 'n boek en bladsy nommer kies. As die beoordelaar genoeg geluister het sal sy / hy jou vra om op te hou lees.

Omdat ons nie boeke vir julle aanlyn kan bied nie, vra ons dat ouers en leerders boeke kies wat op die kind se vlak is.

Aanbieding word beoordeel. Maak dus seker jy staan so dat die beoordelaar jou hele bolyf kan sien.

Ons moedig die kinders aan om solank met die hulp van aanlyndienste te oefen sodat die leerders gemaklik kan raak voor die kamera.



# AFDELING : REDENAARS

**Individuele en Spanredenaars**

Berei 'n beredeneerbare toespraak voor.
Daar kan vir SES afdelings (Afrikaans en/of Engels) afsonderlik onder individuele en/of spanredenaars ingeskryf word:

- VOORBEREID: Eie keuse (wat die ATKV temas insluit)
- VOORBEREID: Voorgeskrewe tema (Con Spirito se temas)
- VOORBEREID: Tweetalige toespraak Eie keuse (50% Afrikaans en 50% Engels) – word slegs onder Engels ingeskryf.
- VOORBEREID: Eksperimenteel Eie keuse (m.a.w. hulpmiddels word toegelaat)
- MOTIVERING TOESPRAAK: Eie keuse

DIE ONVOORBEREIDE TOESPRAAK

- SLEGS Graad 4 tot 12 leerders
- 30 minute voorbereidingstyd vir die individuele toesprake
- 60 minute vir spanredenaars
- 'n Reeds geformuleerde onderwerp word gegee en die leerder moet self besluit of hulle daarVOOR of daarTEEN praat
- Geen bronne word gegee nie
- Selfone is wel toelaatbaar vir enige navorsing. Con Spirito vertrou jou eerlikheid.

- **BELANRIK:** Dieselfde toespraak mag nie vir ander afdelings gebruik word nie. Byvoorbeeld: 'n Motiveringstoespraak moet anders wees as 'n voorbereide of eksperimentele toespraak.
- Let wel, die deelnemers moet meld of hulle vir Eerste of Tweede taal inskryf. Deelnemers skryf volgens hul graad in.

Let wel, **SLEGS** Graad 4 tot 12 leerders mag vir die onvoorbereide afdelings inskryf.



# AFDELING : REDENAARS

**Voorgeskrewe Tye**

- Individuele sprekers – alle items se voorgeskrewe tye:
  Graad 1 tot 3: 2-4 min; Graad 4 & 5: 4-5 min; Graad 6 & 7: 4-6 min;
  Graad 8 tot 12; 5-7 min
- Onvoorbereide toesprake:
  Alle grade: Tussen 2 en 6 minute
- Spanredenaars:
  (Graad 1 tot 7 se tyd is 10 tot 12 min; Graad 8 tot 12 se tyd is 12 tot 15 min)
  Onvoorbereid - alle grade 5 - 10 minute

Sprekers wat langer as die maksimum tye praat, mag gepenaliseer word.

**Span-/Groepsredenaars** (vier sprekers per groep in DIESELFDE graad)
Spanlede mag NIE na die finale Forte verander nie.

## VOORGESKREWE TEMAS VIR 2026

| | AFRIKAANS | ENGELS |
|---|---|---|
| Graad 1 tot 3 | Pret / Skitter | Busy / Sharp |
| Graad 4 & 5 | Verkyker / Braai | Data / Shine |
| Graad 6 & 7 | Sirkus / Woeker | Brands / Dice |
| Graad 8 & 9 | Snel / Bladsye | AI / Prison |
| Graad 10 tot 12 | Aanlyn / Stof | Ignite / Flow |

# AFDELING : SANG & INSTRUMENTAAL

**INSTRUMENTAAL**:

Vir die instrumentale afdeling moet deelnemers 'n kopie van elke itemkeuse se bladmusiek vir die beoordelaar saamneem.
VOORGESKREWE TYD:
Maksimum 3 minute per item.

Deelnemers kan deur die beoordelaar gestop word indien hulle oor hulle tyd gaan.
Eksamenstukke mag wel langer wees.

**SANG**:

VOORGESKREWE TYD:
Maksimum 2.5 minute per item.
Deelnemers kan deur die beoordelaar gestop word indien hulle oor hulle tyd gaan.

**NB! BACKTRACKS!!!** Alle musiek moet vooraf op die aanlyn stelsel vir “lewendige” deelnames gelaai word. Maak seker dat u musiek korrek opgelaai word en dat u aan die tydsbeperkings voldoen. As u die tydsbeperkings oorskry, sal u nie u musiek kan oplaai nie. Slegs MP3-formaat sal aanvaar word.
**Bring ook asb ‘n geheuestokkie saam die dag van die kompetisie met al jou musiek vir jou onderskeie items.**



**Bladlees**: Bladmusiek sal ‘n uur voor die tyd aan die deelnemer gegee word. Meld dus minstens ‘n uur voor die tyd aan. Die leerder kry dus 60minute om voor te berei SONDER ‘n instrument of enige begeleiding.

# AFDELING : GROOT GROEPE

## KORE, SÊRRIEGROEPE, ORKESTE, SANGGROEPE, SPREEKKORE, POMPOMS

- Kore kan inskryf onder enige van die onderstaande kategorieë.
- 'n Bepaalde werk mag nie in meer as een afdeling aangebied word nie.
- Werke van kontrasterende style moet aangebied word.
- Transponering is toelaatbaar.
- Maak deurgaans van eie keuse gebruik maar maak seker die standaard pas by die ouderdomsgroep. Die standaard van die werke sal by die beoordeling in aanmerking geneem word.
- 'n Afskrif van die koorwerke moet voor die optrede aan die beoordelaar oorhandig word.
- Begeleiding deur middel van klavier of enige ander musiekinstrument, asook klankbane is toelaatbaar.
- Pompoms sal optree op 'n verhoog - maksimum lede is 20.
- Begeleiding deur middel van klavier of enige ander musiekinstrument, asook klankbane is toelaatbaar. Die organiseerders moet asb ingelig word, sou die groep klank benodig.

**Let wel:** Kies die korrekte skakel op die webwerf as jy vir die groot groepe inskryf.



# AFDELING : GROOT GROEPE

## KATEGORIEË

**KOORPROGRAM**

Van 5 to 8 minute, wat bestaan uit:

1. Tradisionele lied
2. Ligte lied
3. Enige ander lied

- Een van die drie liedere moet a capella gesing word.
- Maak gebruik van minstens twee
- verskillende tale.

**INDIVIDUELE KOORITEMS**

(±3 minute per lied) se **addisionele keuses** is die volgende:

- Eenstemmige lied
- Tweestemmige lied
- Meerstemmige lied (3 stemme of
- meer)
- Afrika werk
- Klassieke kontemporêr
- Ligte kontemporêr
- Gewyde lied
- Tradisioneel
- ±3 minute per lied

**SPREEKKORE**

- 'n Spreekkoor is 'n groep leerders wat saam 'n gedig (eie keuse volgens ouderdomsvlak) uitvoer.
- Klein aanpassings soos herhalings van sekere dele, klein veranderings aan die formaat en toevoegings van die stuk is toelaatbaar.
- Afrikaans en/of Engels. Eie keuse.
- Tydsduur: 2 tot 4 minute.
- Minimum van 15 leerders per groep.
- Eenvormige kleredrag.
- Dekor en rekwisiete is toelaatbaar mits dit self deur die leerders hanteer kan word en 'n positiewe bydrae tot die stuk lewer.
- Met die beoordeling word die klem egter op die stemgebruik en stemwisseling, gesigsuitdrukkings, tempovariasie, ens. gelê en nie noodwendig op dekor, rekwisiete en kostuums nie.
- LET WEL: Geen "dirigent" word toegelaat om die spreekkore te lei nie.

# AFDELING : GROOT GROEPE

## KATEGORIEË

**SANGGROEPE / ENSEMBLES:**

Eie keuse

- Van 5 tot 8 minute.
- Maak deurgaans van eie keuse liedere en temas gebruik maar maak seker die standaard pas by die ouderdomsgroep.
- Een van die liedere moet a capella gesing word.
- Maak gebruik van minstens twee verskillende tale.
- Sanggroepe mag deurgaans van enige begeleiding gebruik maak.

**SêRRIEGROEPE:**

Eie Keuse

- 8 tot 10 minute.
- Moet A Capella sing maar mag ook 'n maksimum van 3 minute gebruik maak van enige melodiese instrumente.
- Enige ritmiese instrumente kan gebruik word.
- Enige bewegings of rekwisiete moet effektief en gemotiveerd wees.

**POMPOMS:**

- Span grootte: 5 – 30 rasieleiers per span
- Kategorieë: Laerskool en Hoërskool (gemengde grade)
- Uniforms: Met skoene of kaalvoet
- Rekwisiete: Pompoms moet deur die hele roetine gebruik word. Ander rekwisiete (bv. vlae, hoede, baniere, ens.) is toelaatbaar
- Duur van roetine: 3 – 6 minute

**ORKESTE:**

Enige vorm van orkeste bv. Marimbas, simfonie, djembes en enige ander instrumente.

Orkesprogram van 7 tot 10 minute, wat bestaan uit 4 stukke:

- Formele lied / Formal song
- Informele lied / Informal song
- Tradisionele lied / Traditional song
- Eie keuse (enige genre) / Own choice (any genre)

Individuele orkes items kan bestaan uit verskillende (eie keuse genres maksimum 4x individuele stukke):
bv. Klassiek, Jazz ens.



# AFDELING : DANS

**NB! KLANKBANE!!!**

- Alle musiek moet vooraf op die aanlyn stelsel gelaai word. Maak seker dat die musiek korrek opgelaai word en dat dit aan die tydsbeperkings voldoen. As die tydsbeperkings oorskry, sal die musiek nie opgelaai kan word nie. Slegs MP3-formaat sal aanvaar word.

- Bring asb. ‘n geheuestokkie saam die dag van die kompetisie met al jou musiek vir jou onderskeie items.

- Dansitems mag maksimum 2 minute lank wees!

- Onder dansgroepe bv. Duet, kwartet, ens. mag geen danser na die finale Forte ronde verander nie. Met ander woorde, dieselfde dansers moet in beide rondes dans.

- Inskrywings genres is op die webblad beskikbaar: **Dans genres**

Indien ‘n deelnemer se item genre nie op die aanlyn profiel verskyn nie, kan dit onder die Ope afdeling ingeskryf word.



# AFDELING : KUNS

- Kunswerke moet leerders se **EIE** werk wees. Con Spirito maak staat op die leerders, ouers en skole se integriteit en eerlikheid. Indien skole wil hê die leerders moet die kunswerke onder toesig by hul skole doen, is dit die skool se eie organisasie en verantwoordelikheid.
- **GEEN** kunswerk wat vorige jare by Con Spirito ingeskryf is mag weer ingeskryf word nie.
- **NB! Slegs EEN kunswerk per ITEM** (daar is slegs **veertien** mediums – sien onder)
- Uitslae en repliekvorms, saam met die kunswerke, sal min of meer 7 dae later na u skole gestuur word. Indien die beoordeling by die skool plaasvind, word die uitslae dieselfde dag uitgedeel.
- Kunswerke kan SLEGS onder die volgende kategorieë en **voorgeskrewe temas** ingeskryf word. Sien ons webblad vir kategorie beskrywing:
  **Kuns genre beskrywing**

| ITEMS / KATEGORIEË | |
|---|---|
| Collage | Olie Pastelle |
| Grys Potlood | Droë Pastelle |
| Kleurpotlood | Olieverf |
| Houtskool | Akrielverf |
| Vetkryt (Slegs Voorskool tot Graad 7) | Fotografie |
| Gemengde Medium | Waterverf |
| Digitale kuns | A5 grootte kaartjie<br>Slegs Voorskool tot Graad 7 |

# AFDELING : KUNS

| VOORGESKREWE TEMAS | |
|---|---|
| Skitter / Shine | Avontuur / Adventure |
| Kamers / Rooms | Self portret / Self portrait |
| Refleksie / Reflection | Toekoms / Future |
| Transformasie / Transformation | Bybel / Bible |

**LET WEL:** Bogenoemde temas kan meer as een keer by die verskillende mediums gebruik word! Seuns en dogters se temas is dieselfde. Die tema moet egter duidelik agterop die kunswerk aangebring word.




**NUUT!**

- Kunsinskrywings moet aan die volgende voldoen:
- Gemonteer op A3-grootte karton of canvas (let wel NIE A4 behalwe fotografie nie).
- Montering op enige ander materiaal soos hout, metaal, glas, ens. Sal NIE aanvaar of beoordeel word nie.
- Geen kunswerk mag groter as A3 wees nie a.g.v. die hantering en vervoer daarvan.
- Maak asb. seker op die webblad (sien skakel hieronder) van elke medium se omskrywing.
- Kunswerke kan gepenaliseer word as dit nie aan die vereistes voldoen nie.
- Geen kunswerke mag met 'n geheuestokkie ingehandig word nie. Bv. fotografie en digitale kuns moet gedruk word en A4-grootte is voldoende.

LET WEL: Daar is 'n addisionele vorm wat agterop elke kunswerk aangebring moet word -
[kliek hier: Kuns vorm]

# AFDELING : KREATIEWE SKRYFWERK

Slegs graad 4 tot 12 leerders mag aan hierdie afdeling deelneem.

Hierdie is ‘n onvoorbereide afdeling. Temas word op die dag van die kompetisie gegee.

**LET WEL!** *Kreatiewe skryfwerk word **SLEGS AANLYN** en nie meer by die venues gedoen nie en mag op die rekenaar getik word.*

Spesifieke dae (sien op AANLYN se jaarprogram) word voorsien en al die leerders neem op daardie dae by hulle eie huis/venue deel. Skryfwerke word dan met die hand of op die rekenaar gedoen en moet binne ‘n tyd van 60 minute weer terug ge-epos word na Con Spirito. Deeglike riglyne sal voor die tyd aan al die deelnemers deurgestuur word.

Die uitslae sal minstens 4 weke na die kompetisie, saam met die sertifikate uitgestuur word.

Onderwerpe word die dag van die skryfkompetisie uitgereik. Met ander woorde dit is 'n onvoorbereide item.

Deelnemers kan vir die volgende items inskryf:

- Afrikaans Opstel (Eerste Taal)
- Afrikaans Opstel (Tweede Taal)
- Afrikaans Poësie (Eerste Taal)
- Afrikaans Poësie (Tweede Taal)
- English Essay (Eerste Taal)
- English Essay (Tweede Taal)
- English Poetry (Eerste Taal)
- Engelish Poetry (Tweede Taal)



# AFDELING : DRAMA

Deelnemers kan vir die stilstaande gedig inskryf onder eie keuse en/of voorgeskrewe gedig deur Con Spirito, soos beskikbaar op ons webblad: **Voorgeskrewe gedigte**

Onthou, die keuse van 'n werk moet by die deelnemer se ouderdom pas en word ook daarvolgens beoordeel.

Dieselfde werke van vorige jare mag nie weer gebruik word nie.

Let wel: Deelnemers wat vir MIMIEK inskryf, kan slegs in die Afrikaanse afdeling inskryf.

Drama/Toneelgroepe is ook welkom om in te skryf!
**MAAR MOET ONDER GROOT GROEPE INGESKRYF WORD!**
Ons sal sover moontlik die toneelgroepe by hul onderskeie skole akkomodeer. Kontak die organiseerder.

**TYE**:
- Improvisasie: (3 min)
- Gedramamatiseerde Poësie: Gr. 1 - 7 (3 min), Gr. 8 - 12 (4 min)
- Prosa, Gedramatiseerde Prosa: Gr. 1 - 7 (3 min), Gr. 8 - 9 (4 min), Gr. 10 - 12 (6 min)
- Monoloë: Gr. 1 - 7 (3 min), Gr. 8 - 9 (4 min), Gr. 10 - 12 (6 min)
  - Plus 3 minute vir opstel
- Groepspoësie en groepsprosa: Gr. 5 -7 (4 min), Gr. 8 - 9 (5 min), Gr. 10 - 12 (6 min)
- Bybel Prosa: Gr. 1 - 2 (1 min), Gr. 3 - 7 (2 min), Gr. 8 - 12 (3 min)
- Dialoog: Gr. 1 - 7 (4 min), Gr. 8 - 12 (6 min)
  - Plus 3 minute vir opstel
- Mimiek en storievertelling: Gr. 1 - 7 (2 min), Gr. 8 - 9 (3 min), Gr. 10 - 12 (4 min)



# NASIONALE FORTE RONDE

**27 Augustus - 05 September 2026**: Slegs **AANLYN** deelname

**12 tot 29 Augustus 2026**: Slegs vir **LEWENDIGE** deelname by die venue by Crawford International Ruimsig, Johannesburg.

Deelnemers met die hoogste punte (standaard en getalle word per item in ag geneem) word uit elke streek na die **CON SPIRITO FORTE** genooi waar die Nasionale itemwenners bepaal sal word. Almal sal binne DRIE dae via epos in kennis gestel word, direk na afloop van elke afdeling/kompetisie. Dit sal ook op die webwerf beskikbaar wees.
Itemwenners (eerste en finale rondes) moet 'n minimum van 90% behaal om te kwalifiseer.

# PRESTIGE PRYSUITDELING

## Saterdag 12 September 2026

Al die Forte itemwenners word na die Prestige-dag genooi.

Trofeë, medaljes, knopies en balkies word tydens hierdie geleentheid oorhandig. Indien 'n leerder NIE teenwoordig is nie kan hy/sy nie die toekenning ontvang nie. Die ouer of afrigter van die leerder mag wel skriftelik via e-pos aansoek doen om die toekenning(s) na 14 September te ontvang. Kontak Zelmarie Maree op **zelmarie@conspirito.co.za**.

Con Spirito sal aansoeke volgens meriete hanteer.

Belangrik: 'n Admin en koerierkoste sal dan gevra word om onkostes te dek.

# TOEKENNINGS

## EERSTE RONDES

| | | | |
|---|---|---|---|
| Diploma | 90% - 100% | A+++ | 95% - 100% |
| | | A++ | 90% - 94% |
| Sertifikaat (Goud) | 80% - 89% | A+ | 80% - 89% |
| Sertifikaat (Silwer) | 70% - 79% | B+ | 75% - 79% |
| | | B | 70% - 74% |
| Sertifikaat | 69% en minder | | |
| Itemwenner | Hoogste prestasie behaal in item | | Minimum van 90% |
| LIVE & AANLYN EERSTE RONDES: Itemwennersertifikate | Itemwenners in die Eerste ronde ontvang Itemwennersertifikate wat aflaaibaar is op die deelnemer se profiel | | |

## FORTE RONDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Diploma | 90% - 100% | A+++ | 95% - 100% |
| | | A++ | 90% - 94% |
| Sertifikaat (Goud) | 80% - 89% | A+ | 80% - 89% |
| Sertifikaat (Silwer) | 70% - 79% | B+ | 75% - 79% |
| | | B | 70% - 74% |
| Sertifikaat | 69% en minder | | |
| Itemwenner | Hoogste prestasie behaal in item | | Minimum van 90% |

# TOEKENNINGS

## FORTE RONDE

| | |
|---|---|
| FORTE LIVE deelname knopies<br>FORTE AANLYN<br>deelname knopies | Elke leerder wat deurdring na die Forte ronde EN deelneem, ontvang ‘n deelname Forte knopie en ‘n sertifikaat.<br>Sertifikate is aflaaibaar op die deelnemer se profiel.<br>Knopies kan bestel word NA die Nasionale Prysuitdeling |
| FORTE ITEMWENNERS<br>LIVE & AANLYN<br>DEELNEMERS | Forte Itemwenner knopies Elke leerder wat ‘n itemwenner tydens die Nasionale Finale ronde is, kry ‘n Nasionale Itemwennersknopie op die Prestige prysuitdeling. |
| AFDELINGSWENNERS<br>LIVE & AANLYN<br>DEELNEMERS | Afdelingswenners in elke kategorie is wanneer ‘n leerder in minstens drie verskillende items in hierdie afdeling in die Nasionale Forte ronde presteer het. Hulle ontvang ‘n lapelbalkie plus ‘n erkenningsertifikaat plus ‘n medalje. |
| Spesiale toekennings:<br>LIVE & AANLYN<br>DEELNEMERS | ‘n Trofeë plus ‘n balkie word toegeken aan die mees veelsydige Con Spirito leerder in verskeie afdelings en streke. Sien Con Spirito Presteerders 2025 se lys:<br>**Presteerders 2025** |

# ALGEMENE REËLS

- Alle kommunikasie vind deur eposse plaas. Geen Whatsapp of sms versoeke kan hanteer word nie.

**Belangrik:** ALLE inskrywings word aanlyn gedoen: **Con Spirito webblad**

- Ouers/afrigters/onderwysers moet eers hulself registreer en dan die leerders. Daarna kan hulle inskryf.
- Inskrywings sluit op verskillende datums. Sien Jaarprogram heelonder of op die webwerf.
- GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.
- Vir enige veranderinge nadat die skedules opgestel is, word ook 'n R30 adminfooi per item gevra. Aansoeke vir enige veranderinge moet na **admin1@conspirito.co.za** ge-epos word.
- In die Nasionale Forte ronde mag leerders van groepe/spanne nie met 'n ander leerder vervang word nie. Dit mag wel in die eerste ronde gebeur maar veranderings moet minstens 2 weke voor die kompetisiedatum skriftelik deurgegee word.
- Leerders kan privaat of deur hulle skool inskryf.

Betaalopsies:

- Alle aanlyn-inskrywings kan deur die Payfast veilige betalingsplatform gemaak word. Hierdie platform maak voorsiening vir beide elektroniese oorplasings, sowel as kredietkaart betalings.
- Indien 'n direkte internetbetaling (EFT) verkies word is dit betaalbaar aan CON SPIRITO. Sien bankbesonderhede op bl. 5. Indien van die EFT-opsie gebruik word, moet 'n bewys van betaling moet na **admin1@conspirito.co.za** gestuur word met duidelike verwysings (naam, van en participant number), sodat die gelde geallokeer kan word.

# ALGEMENE REËLS

- Deelnemers kan nie op die program geplaas word, indien bewys van betaling nie ontvang is nie. Maak egter SEKER ons ontvang die bewys van betaling indien julle ‘n EFT verkies.
- Indien ‘n persoon NIE enige kommunikasie 10 dae VOOR die geskeduleerde datum rondom die sekere kompetisie se skedules ontvang het nie, is dit die deelnemer/ouer/organiseerder se verantwoordelikheid om met Con Spirito op te volg. Maak altyd seker julle items wys PAID op die stelsel.
- Inskrywingsgelde is NIE terugbetaalbaar of oordraagbaar, behalwe in gevalle waar die betrokke kompetisie nie plaasvind nie.
- Daar mag slegs EEN keer vir dieselfde item ingeskryf word. (Bv. Slegs 1x inskrywing vir drama mimiek, al het die deelnemer twee verskillende stukke.)
- Deelnemers neem per graad deel. M.a.w. Graad RRR tot Graad 12.
- Deelnemers kan inskryf onder eie keuse en/of voorgeskrewe stukke deur Con Spirito Kunsvereniging voorgeskryf.
- Geen deelnemer of groep mag dieselfde werk vir twee agtereenvolgende jare aanbied nie.
- Tydbeperkings vir items soos aangedui in die brosjure mag nie oorskry word nie. Deelnemers kan gestop word.
- Deelnemers wat nie die reëls en bepalings nakom nie sal gediskwalifiseer word.
- Toegangsgelde van R20.00 per persoon word tydens die eerste rondes, by die deure vir toeskouers gevra. Toegang vir afrigters en deelnemers is gratis.

# JAARPROGRAM 2026

## EERSTE RONDES

### ALBERTON

Kontakpersoon: Zelmarie Maré
zelmarie@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Lees | 25 & 26 Maart | NG Kerk Brackenhurst | 6 Maart |
| Redenaars (Individueel) | 13 & 15 April | NG Kerk Brackenhurst | 20 Maart |
| Dans | 19 – 23 Mei | Laerskool President Steyn, Alberton | 20 April |
| Instrumentaal | 2 – 5 Junie | NG Kerk Brackenhurst | 20 April |
| Drama | 22 - 25 Junie | NG Kerk Brackenhurst | 20 Mei |
| Kuns *(Inhandiging)* | Saterdag 27 Junie | NG Kerk Brackenhurst | 20 Mei |
| Kuns *(Afhaling)* | Saterdag 4 Julie | NG Kerk Brackenhurst | |
| Spanredenaars | 22 & 23 Julie | NG Kerk Brackenhurst | 20 Junie |

# JAARPROGRAM 2026

## EERSTE RONDES

## BOKSBURG

Kontakpersoon: Zelmarie Maré
zelmarie@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Lees | 18 – 20 Maart | Laerskool Concordia | 3 Maart |
| Redenaars (Individueel) | 12 – 15 Mei | Laerskool Concordia | 20 April |
| Sang | 8 – 10 Junie | Laerskool Dellville Lambton, Germiston | 20 April |
| Dans | 11 - 13 Junie | Laerskool Dellville Lambton, Germiston | 20 April |
| Drama | 1 - 5 Junie | Laerskool Concordia | 20 April |
| Spanredenaars | 27 – 29 Julie | Laerskool Concordia | 20 Junie |
| Kuns *(Inhandiging)* | Maandag 6 Julie | Laerskool Concordia | 20 Mei |
| Kuns *(Afhaling)* | Maandag 13 Julie | Laerskool Concordia | |

CON SPIRITO
KUNSVERENIGING
KULTUUR MET GEESDRIF

# JAARPROGRAM 2026

## EERSTE RONDES

### GAUTENG

Kontakpersoon: Lizelle van Staden
lizelle@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| GROOT GROEPE Kore, orkeste, sanggroepe, spreekkore | 24 & 25 Junie | St. Catherine's School Germiston | 20 April |

### KEMPTON PARK

Kontakpersoon: Lizelle van Staden
lizelle@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Individuele Redenaars & Spanredenaars | 21 & 22 Mei | Hoërskool Kempton Park | 20 April |

### PRETORIA

Kontakpersoon: Zelmarie Maré
zelmarie@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Redenaars, Kuns, Spanredenaars, Lees, Drama | 25 - 28 Mei | Laerskool Anton van Wouw | 20 April |
| Sang & Instrumentaal | 29 - 30 Mei | Hoërskool Garsfontein | 20 April |

# JAARPROGRAM 2026

## EERSTE RONDES

### RANDBURG

Kontakpersoon: Zelmarie Maré
zelmarie@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Redenaars (Individueel & Span) Kuns, Lees & Drama | 4 - 6 Mei | Laerskool Unika | 20 Maart |

### SASOLBURG

Kontakpersoon: Leoni Boucher
leoni@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 4 - 6 Mei | Vaalpark Articon High School | 20 Maart |

### ROODEPOORT

Kontakpersoon: Zelmarie Maré
zelmarie@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 26 - 28 Mei | Crawford International Ruimsig | 20 April |

CON SPIRITO
KUNSVERENIGING
KULTUUR MET GEESDRIF

# JAARPROGRAM 2026

## EERSTE RONDES

### MPUMALANGA

Kontakpersoon: Zelmarie Maré
zelmarie@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 17 - 20 Junie | Laerskool Secunda | 20 Mei |
| Alle afdelings | 22 - 24 Junie | Laerskool Laeveld Nelspruit | 20 Mei |

### VRYSTAAT

Kontakpersoon: Lizelle van Staden
lizelle@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 1 - 4 Junie | Hoërskool Witteberg Bethlehem | 20 April |
| Alle afdelings | 4 - 6 Junie | Grey Kollege (Laerskool) | 20 April |

# JAARPROGRAM 2026

## EERSTE RONDES

### KWAZULU-NATAL

Kontakpersoon: Leoni Boucher
leoni@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 28 - 30 April | Hoërskool Ferrum Newcastle | 20 Maart |

### KWAZULU-NATAL

Kontakpersoon: Lizelle van Staden
lizelle@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 21 - 23 Mei | Kuswag Skool Amanzimtoti | 20 April |
| | 25 - 26 Mei | Hoërskool Suid-Natal Port Shepstone | |
| | 27 & 29 Mei | Laerskool Arberotum Richardsbaai | |

### LIMPOPO

Kontakpersoon: Lizelle van Staden
lizelle@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 31 Julie & 1 Augustus | Laerskool Piet Hugo Polokwane | 20 Mei |

# JAARPROGRAM 2026

## EERSTE RONDES

### WES-KAAP

Kontakpersoon: Lizelle van Staden
lizelle@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 8 - 11 Junie | Hoërskool Durbanville | 20 April |

### NOORDWES

Kontakpersoon: Lizelle van Staden
lizelle@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 21 - 22 Julie | Hoërskool Lichtenburg | 20 Mei |
| | 22 - 25 Julie | Hoërskool Vryburg | |

### NOORD-KAAP

Kontakpersoon: Lizelle van Staden
lizelle@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | WAAR | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|---|
| Alle afdelings | 27 - 29 Julie | Hoërskool Diamantveld Kimberley | 20 Junie |

CON SPIRITO
KUNSVERENIGING
KULTUUR MET GEESDRIF

# JAARPROGRAM 2026

## EERSTE RONDES

## AANLYN KOMPETISIES (Alle Streke)

Kontakpersoon: Leoni Boucher
leoni@conspirito.co.za

| AFDELING | WANNEER | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|
| Aanlyn Lees 1 | 09 - 11 Maart | 3 Maart |
| Aanlyn Individuele Redenaars 1 | 15 - 17 April | 20 Maart |
| Aanlyn Kreatiewe Skryfwerk | 23 - 25 April | 20 Maart |
| Aanlyn Sang en Instrumentaal | 18 - 20 Junie | 20 Mei |
| Aanlyn Drama | 22 - 25 Junie | 20 Mei |
| Aanlyn Lees 2 | 17 & 18 Julie | 20 Junie |
| Aanlyn Spanredenaars (enigste geleentheid) | 24 - 25 Julie | 20 Junie |
| Aanlyn Individuele Redenaars 2 | 29 Julie - 1 Augustus | 20 Julie |

CON SPIRITO
KUNSVERENIGING
KULTUUR MET GEESDRIF

# JAARPROGRAM 2026

## NASIONALE FORTE RONDES

| WANNEER | AFDELING | SLUITINGSDATUM |
|---|---|---|
| 7 - 9 Augustus | Kreatiewe Skryf<br>(word slegs aanlyn aangebied) | **1 Augustus**<br>**NEEM KENNIS:**<br><br>**Skryf so gou moontlik in nadat julle gekwalifiseer het en besluit het om wel deel te neem.** |
| 29 Augustus - 6 September | AANLYN Nasionale Forte Ronde | |
| 12 - 29 Augustus | Nasionale Forte Ronde<br>*(vir LIVE / "lewendige deelname")*<br>te Crawford International, Ruimsig | |

## CON SPIRITO PRESTIGE PRYSUITDELING
(Live & Aanlyn)

| WANNEER | WAAR |
|---|---|
| 12 September | NG Kerk Brackenhurst, Alberton, Gauteng |

CON SPIRITO
KUNSVERENIGING
KULTUUR MET GEESDRIF

# NASIONALE Debat

| | |
|---|---|
| **NASIONALE CON SPIRITO AFRIKAANSE DEBATSKOMPETISIE**<br>Sien meer ligting hier: Debatskompetisie | |
| **Eerste rondes Sluitingsdatum 24 April 2026** | |
| 15 en 16 Mei | Hoërskool Potch Gimnasium, Noordwes |
| 5 en 6 Junie | Grey Kollege Bloemfontein, Vrystaat |
| 12 & 13 Junie | Hoërskool Stellenberg, Wes-Kaap |
| 13 Junie | Hoërskool Langenhoven, Riversdal, Suid-Kaap |
| 19 en 20 Junie | Hoërskool Dr. EG Jansen, Boksburg, Gauteng |
| 23 - 25 Julie | Hoërskool Eldoraigne, Pretoria, Gauteng |
| 31 Julie en 1 Augustus | Hoërskool Pietersburg, Limpopo |
| **Semi-finale rondes** | |
| 30-31 Julie & 1 Augustus | Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch, Wes-Kaap |
| 14 & 15 Augustus | Laerskool Concordia, Boksburg, Gauteng |
| 27 - 29 Augustus | Hoërskool Garsfontein, Pretoria, Gauteng |
| **Finale ronde** | |
| 23 en 24 September | Wes-Kaap |

**Con Spirito Kultuurvereniging bied vanaf 2021 ’n Afrikaanse Nasionale Debatskompetisie aan. Hierdie is ‘n baie gewilde kompetisie vir leerders vanaf Gr. 6 tot 12.**

CON SPIRITO
KUNSVERENIGING
KULTUUR MET GEESDRIF

# NUWE Kompetisies

**Nuut!!**

## NASIONALE CON SPIRITO KOMPETISIES VIR:

**Animato Sêr**
**Cantabile Kore**
**Strumento Orkeste**

| Eerste rondes | Sluitingsdatum: 30 Mei 2026 |
|---|---|
| 7 of 8 Julie | Oos-Kaap |
| 30 - 31 Julie & 1 Augustus | Wes-Kaap |
| 31 Julie & 1 Augustus | Hoërskool Pietersburg, Limpopo |
| 3 & 4 Augustus | C & N Oranje Meisieskool, Bloemfoentein, Vrystaat |
| 7 & 8 Augustus | KZN |
| 21 & 22 Augustus | Pretoria |

| Finale ronde vir Sêr, Kore en Orkeste | |
|---|---|
| 8 - 10 Oktober | Pretoria |

CON SPIRITO
KUNSVERENIGING
KULTUUR MET GEESDRIF

# Kontakbesonderhede

## Lizelle van Staden

Besturende Direkteur
083 660 4822
lizelle@conspirito.co.za

## Zelmarie Maré

Bemarker en Projekbestuurder
074 683 3995
zelmarie@conspirito.co.za

## Leoni Boucher

Projekbestuurder - Kleuterskole & Aanlyn kompetisies
083 415 9868
leoni@conspirito.co.za

## Algemene Navrae

admin1@conspirito.co.za

## www.conspirito.co.za

woeker • groei • skitter